SKOOLGEREEDHEID

Dr Melodie de Jager

WAT BETEKEN 'GEREED'?

Voor ons begin praat oor "gereed", kom ons praat eers oor "my kind". Geen ma of pa kan oor hulle kind praat sonder om emosioneel te wees nie – nie omdat hulle laf is nie, maar omdat hulle omgee, want om intens oor jou kind te voel is soos dit hoort. Soos Elizabeth Stone eenkeer gesê het, om 'n ouer te wees is om te kies dat jou hart buite jou lyf rondloop.

Skoolgereedheid is 'n tammeltjie - veral omdat daar meer as een vorm van gereedheid is:

Leergereed beteken jou kind is gereed vir ervarings, take en vaardighede wat by sy ouderdom pas. Leergereed pas nie by 'n spesifieke ouderdom soos skoolgereed nie: 'n baba is 'leergereed' om te suig; 'n tweejarige is leergereed om van doeke, bottels, fopspene en doeke ontslae te raak; 'n driejarige is gereed om in 'n groep te leer; 'n vyfjarige is leergereed om die verskil tussen realiteit en fantasie te besef; 'n 18-jarige is leergereed om 'n bestuurslisensie te kry; 'n 65-jarige is gereed om af te tree, ens.

Skoolgereed beteken in 'n neutedop dat jou kind vir ten minste 11 minute op 'n taak kan konsentreer, selfs al is hy nie lus nie (bv. 36+ stuk legkaart bou of gekleurde pennetjies in 'n volgorde aanknip of randpatroon om 'n A4 papier teken met ○□+); die eerste keer luister; die taal wat in graad een in die klaskamer gepraat gaan word, vlot praat **en** veral genoeg buite gespeel het dat hy/sy regop en stil kan sit **en** gereed is om abstrakte en simboliese leer (skryf en lees van alfabet en syfers) baas te raak.

Skoolgereed begin by leergereed wat selfs al voor geboorte begin wanneer baba 'gereed' moet wees om gebore te word, om asem te haal en om te suig. Skoolgereedheid is 'n mikpunt waarvoor jy gereedmaak net soos Desember se vakansie by die see – jy werk daaraan en so elke nou en dan maak jy seker dat julle op die **regte pad** is (mylpale), en dat daar **vordering** is.

Leergereedheid is deurlopend, skoolgereedheid is nie deurlopend nie. Daar word 'n vaste ouderdom-word aan skoolgereedheid gekoppel - die ouderdom van vyf en sewe jaar.

©Mind Moves Institute, Johannesburg. 2014

SPRONG TUSSEN KLEUTERSKOOL EN GROOTSKOOL

By ‘n kleuterskool leer ‘n kind spelenderwys deur te ontdek en te ervaar. By ‘n kleuterskool doen ‘n kind meer as stilsit en luister of skryf. By ‘n kleuterskool word daar aan regte voorwerpe gevoel en gevat (konkrete leer); gevolg deur tye wanneer daar op papier geteken, geverf, geknip en geplak word en tye wanneer storieboeke in die boekhoekie gelees word (semi-konkrete leer); en daar is tye wanneer ervarings bespreek en beredeneer word, maar sonder die hulp van konkrete voorwerpe of voorbeelde op papier of ’n skerm (abstrakte leer). *Abstrakte leer* is maklik maar net as dit voorafgegaan word deur *konkrete* en *semi-konkrete* ervarings.

STAP EEN

Konkrete leer gebruik regte voorwerpe waaraan gevoel en gevat, geruik en selfs geproe kan word. Dit is drie-dimensioneel.

STAP TWEE

Semi-konkrete leer gebruik nie regte goed nie, maar gebruik prentjiesgoed; dit is plat, twee-dimensioneel - papier waarop geteken, geverf, geknip en geplak word; storieboeke in die boekhoekie wat “gelees’’ word en TV- of rekenaarskerms. Dit is ‘n meer komplekse vorm van leer, want die kind moet onthou, assosieer, vergelyk, ensovoorts.

STAP DRIE

Abstrakte leer gaan oor konsepte, byvoorbeeld dae van die week, plus en minus, getalle, voor, tussen, grof en glad, dryf en sink, klanke, vorms, kleur en vele meer. Die konsepte is nie ‘iets’ nie, dis nie ‘regtig’ nie en daarom is dit so moeilik.

Die beste voorbereiding vir abstrakte leer is om eers jare lank konkreet te leer (nul- tot vierjariges), dan konkrete en semi-konkrete leer te meng (vier- tot vyfjariges) met konsepte wat as temas beleef word, en dan tussen vyf en ses al hoe meer abstrak te begin dink oor goed wat hy reeds konkreet en semi-konkreet weekliks as temas ervaar het.

Lees en skryf is nie deel van die kleuter se leefwêreld nie, speel is. Alhoewel ‘n kleuter van letters en getalle bewus is, is hy te besig om op ‘n konkrete vlak te leer om te deel, te dink, te analiseer, te redeneer, en om sy oor haarfyn in te stel om die verskil tussen ‘prop’ en ‘pop’ te kan hoor, dat daar nie tyd is vir lees en skryf nie. Speel sonder praat is so ondenkbaar soos asemhaal sonder suurstof. Die klanke van ‘n taal moet jare lank gehoor word sodat ‘n kleuter se oor ontwikkel word om fyn tussen klanke te onderskei en die klanke dan reg te kan sê voor woorde reg gespel, gelees of geskryf kan word.

Die dilemma is dat vele kleuters graad 1 betree sonder dat hulle jare lank reeds geoefen het aan ‘n warboel vaardighede en die hoor **en** onderskeiding van die klanke van die taal wat in graad een gebruik word. Hulle val met die deur in die huis en bo-op die **prentjies** van taal (letters en syfers) sonder die **klanke** van ‘n taal. Daarom is dit geen wonder dat hope hoërskoolkinders nie ordentlik kan lees of skryf nie - hul was nooit skoolgereed nie

©Mind Moves Institute, Johannesburg. 2014

SKOOLGEREED

Skoolgereedheid is allermins ‘n manier om teen party kinders te diskrimineer.
Dit is juis ‘n manier om alle kinders ‘n gelyke kans in die lewe te gee …
maar dan moet hulle:

- breine reeds propvol konkrete en semi-konkrete ervarings wees
- jare lank op ‘n konkrete wyse blootstelling aan abstrakte konsepte gehad het
- in staat wees om spontaan in die klaskamertaal in graad 1 te kan gesels, leer en redeneer
- genoeg ervaring van buite-speel gehad het dat hulle lus en gereed is vir die laerskoolavontuur.

WIE SE VERANTWOORDELIKHEID IS SKOOLGEREEDHEID?

Verantwoordelikheid is ‘n groot woord, want dit is ‘n swaar taak. Volgens die woordeboek beteken verantwoordelikheid: ‘n verpligting om rekenskap te gee, om aanspreeklik te wees; dit is iets wat gewigtige pligte meebring. Onwillekeurig wonder jy: Wie se verantwoordelikheid is dit is dat jou kind leer- en skoolgereed moet wees teen die ouderdom van ses jaar?

As dit by ‘n kind kom, is daar net een plek waar volle verantwoordelikheid kan rus, en dit is by pa en ma. Hulle kan wel die verantwoordelikheid met ander mense deel maar die onus van ‘n kind se ontwikkeling rus vierkantig op pa en ma se skouers.

Pa en ma betaal die bewaar- en kleuterskool hope geld, het hulle ‘n verantwoordelikheid? Met ander woorde, wat kan ouers van bewaar- en kleuterskole verwag? Absoluut niks, want ‘n skool is ‘n gebou wat nie kan drukkies gee, dink of doen nie. Wat kan ouers van bewaar- en kleuterskole se personeel verwag? Dat die personeel instaan-ouers is wat vir ‘n bepaalde deel van die dag verantwoordelikheid vir die kind aanvaar, en vir meer as net die oppas en versorging van die kind. Hulle aanvaar ook verantwoordelikheid vir die ontwikkeling van die hele kind – fisies, emosioneel, sosiaal en kognitief.

Skoolgereedheid beteken dus dat die ouers hul huiswerk doen en seker maak die kleuterskool van hul keuse span kragte saam met hul as ouers, om ‘n kleuter op ‘n toepaslike manier voor te berei vir die meer abstrakte en simboliese leerwêreld van die laerskool.

En wat van my tuisbly-kind, kan ek as tuisblyma nie my kind self tot skoolgereedheid lei nie? Natuurlik kan ‘n mamma haar kind self laat blom en skoolgereed kry, maar net as sy oor die nodig (op)leiding en kennis beskik om te weet watter vaardighede in watter volgorde by breinbedrading en jou kind se ouderdom pas, en dinge daarvolgens beplan.

©Mind Moves Institute, Johannesburg. 2014

Faktore wat 'n kind help om gereed te wees	Faktore wat gereedheid belemmer
Voltermyn gebore	Vroeg gebore
Mylpale in die regte volgorde en binne die breë tydsgrens vir elke mylpaal bereik	Mylpale baie vroeg of baie laat bereik, mylpale oorgeslaan
'n Gelukkige gesin met genoeg kos, klere en 'n gawe blyplek	'n Omgekrapte gesin wat kom en gaan, en waar kos, klere en blyplek skraps is
'n Huis en omgewing waar konflik opgelos word en gesinslede saamwerk en saamspeel	Gedurige spanning tussen ma en pa of tussen gesinslede of spanning in die omgewing
Gesonde kos	Meestal net stysel en suiker, min proteïen, vrugte en groente
Goeie gesondheid	Gereelde siekte wat die kind meer laat lê as loop
Gesonde ore sonder vog	Ore wat gereeld vol vog en infeksie is en pypies nodig het om die vog te dreineer
Gesonde vel en geen kringe onder die oë	Ekseem, droë jeukerige vel, allergieë, donker kringe onder die oë
Heerlike, maklike asemhaling deur die neus	'n Gereelde toe neus of sinusitus, en asemhaling meestal deur die mond
Oë wat soos 'n span saam beweeg	Oë wat elkeen in sy eie rigting wil beweeg
Oë wat duidelik kan sien en so ver as die afstand tussen die oë en die elmboog van iets af is, kan fokus	Oë wat op skrefies getrek word of as die neus bykans teenaan iets moet wees om duidelik te kan sien
Goeie spierkrag en spiertonus – met ander woorde hy sit en staan regop sonder ondersteuning	Lae spierkrag en spiertonus – met ander woorde hy sit en staan selde regop sonder om teen iets te leun
'n Huis waar daar met mekaar gepraat word	'n Huis waar daar min met 'n kind gepraat word
'n Boekryke omgewing	'n Boeklose omgewing
Stories word gereeld vertel en gelees	Stories word nie vertel of gelees nie
Praat die graad 1-klas se taal vlot	Meng tale of ken net 'n paar woorde in die graad 1-klas se taal
Gereelde en opregte erkenning: Dis nou slim gedink; mooi so, ek is trots op jou	Skeltaal is meer bekend as erkenning: Wat het jy nou weer aangevang; niks goeds gaan van jou word nie; domkop
Boeties en sussies wat mooi uitmekaar gespasieer is sodat elkeen sy beurt vir selfsugtige tyd gehad het	Boeties en sussies wat soos orrelpypies staan en waar alles, ook tyd en aandag, met baie ander gedeel word
Sintuie werk mooi saam en die brein verwerk hulle boodskappe met gemak – goeie sensoriese integrasie	Sintuie se boodskappe hoop op en veroorsaak 'n verkeersknoop in die brein – swak sensoriese integrasie
Luister die eerste keer	Luister nie, of luister eers die vierde keer
Hoor en voer opdragte in die regte volgorde uit – soveel opdragte na mekaar as wat kind jare oud is	Opdragte moet herhaal word en net sommige opdragte word uitgevoer of deurmekaar uitgevoer
Geniet dit om te voel en te vat en te ondersoek	Hou nie van voel en vat nie
Hou van klimrame, swaaie en glyplankspeletjies	Vermy apparaat of bewegende oppervlakke soos roltrape, hangbrug, touleer

www.mindmoves.co.za

Ontwikkel eers, assesseer dan

©Mind Moves Institute, Johannesburg. 2014

WIE ASSESSEER 'N KIND?

'n Opvoedkundige sielkundige is opgelei om gestandaardiseerde skoolgereedheidstoetse af te neem wat spesifiek vir die Suider-Afrikaanse reënboognasie ontwikkel is. Hulle kan ook skoolgereedheidstoetse van ander lande afneem indien hulle daarvoor opgelei is, maar indien 'n kind in Suider-Afrika graad 1 toe gaan, is 'n Suider-Afrikaanse toets meer gepas.

Onderwysers, fisioterapeute, arbeidsterapeute, spraakterapeute, maatskaplike werkers, ens. is ook opgelei om ondersteunende inligting en verslae saam te stel, maar die opvoedkundige sielkundige is oorkoepelend die mees gesaghebbende persoon wat aanbevelings oor 'n kind se skoolgereedheid aan die Department van Onderwys kan maak.

TAAL

Skoolgereed beteken nie dat 'n kleuter 'gereed' is om in enige taal skool te gaan nie. 'n Kleuter moet vaardig wees in die taal wat in graad een gepraat word om suksesvol in graad een te leer om te lees en te skryf. Vir daardie rede word skoolgereedheid altyd in die taal wat in graad een gepraat word, afgeneem.

WAT GEBEUR AS 'N KLEUTER NIE SKOOLGEREED IS NIE?

As 'n kleuter nie gereed is nie, is hy of sy nie gereed nie. Gereedheid kan nie geforseer of ryp gedruk word nie, druk kneus. Dit is 'n proses wat spontaan maar langsamerhand ontvou wanneer die kleuter die geleentheid en stimulasie kry wat ontwikkeling aanmoedig. **Gaan klop by 'n kundige aan vir leiding.**

WANNEER IS DIE REGTE TYD?

Skoolgereedheid word bepaal wanneer 'n kleuter reeds ses jaar oud is. Die beste maand van die jaar om kleuters vir skoolgereedheid te evalueer, is November, want enige gesoute graad 0-juffrou sal vir jou sê tussen September en Desember ondergaan kleuters ongelooflike ontwikkelingspronge. Dit is egter nie so eenvoudig nie, veral waar leergereedheid nie deurlopende assesseer was nie, want November is dan te laat om te bepaal watter areas gereed is en watter areas nog ontwikkeling nodig het sodat die kind graad 1 toe kan gaan in die jaar dat hy sewe word.

'n Groot struikelblok is dat talle laerskole reeds in Maart aandring op skoolgereedheids-assesserings sodat hulle die room van die oes kan kies en hulle beplanning vir die volgende jaar kan doen. Die vraag ontstaan of so 'n benadering tot skoolgereedheid in die beste belang van die kind is, want Maart-maand is 6 maande voor die kleuters hulle ontwikkelingsspronge in September **begin** maak. Vroeë assessering plaas ook onnatuurlike druk op kleuters en onderwyseresse in graad 00 aangesien dit impliseer dat kleuters reeds in Maart van hulle graad 0 jaar, skoolgereed moet wees om 'in' te kom of plek te kry.

In die lig van die koste verbonde aan assessering is 'n goeie sifting tussen Mei en Julie van 'n kleuter se graad 0-jaar waartydens die kind in totaliteit geëvalueer word, aan te beveel. Die resultate is nie die alfa en die omega nie, want die doel is vroeë identifisering van ontwikkelingskrakies. Indien daar duidelike agterstande of ontwikkelingskrakies bespeur word, sal dit die beste wees om 'n professionele persoon te raadpleeg vir 'n meer diepgaande evaluasie op die gebied waarvoor die professionele persoon gekwalifiseer is.

©Mind Moves Institute, Johannesburg. 2014

EKSAMENAFRIGTING

Groot is die verstomming as ‘n mens hoor dat kleuteronderwyseresse en ouers die skoolgereedheidstoetsmateriaal met die kleuters ‘inoefen’ voor die kleuters die skoolgereedheidstoets afle. Hoe absoluut kortsigtig is dit nie?

Die skoolgereedheidstoets evalueer nie die ouer, die juffrou of die skool nie - skoolgereedheidstoetse evalueer die kind se gereedheid om simbolies te leer. Simboliese leer? ***Simboliese leer*** is die teenpool van **konkrete leer** - speel en voel en vat en klim en ontdek en regopsit en skoene vasmaak; en touspring, appels tel sodat elke maatjie een kry; en leer om met iemand te gesels. Simboliese leer beteken mens praat met papier (skryf) en jy luister na papier (lees) eerder as praat met ‘n mens en luister na ‘n mens.

Simboliese leer is ‘n splinternuwe taal waarvoor kleuters gereed moet wees en dit kan hul eers gebeur, as hul oorloop van konkrete leer. Hoe weet ‘n mens jou kleuter ‘loop oor van konkrete leer’? As kleuters se lyfies so opgespeel is dat hul hul lyfies regop en stil kan hou en hul ore die eerste keer luister; as kleuters se hartjies wil bars van lekkerte omdat hulle weet: ek KAN en hul koppe propvol van gesels terwyl hul vat en ondersoek en uitmekaar haal en aanmekaar sit is; en sonder huiwering in graad een se taal kan redeneer. As kleuters so oorloop, dan is hul watertand gereedvir ‘n nuwe taal – simboliese taal. Om kleingoed bloot te stel aan simboliese taal voor hul daarvoor gereed is, grens aan kindermishandeling.

Mense roei onkruid en peste uit, eksamenafrigting behoort met net so ‘n ferm hand uitgeroei te word. Ouers behoort ‘n juffrou wat kleuters ‘afrig’ om ‘n skoolgereedheidstoets te ‘slaag’ verantwoordelik te hou vir hul kinders se vordering tot aan die einde van graad 4. As hul vorder kan mamma drukkies uitdeel, en as hul sukkel omdat sy hul afgerig om ‘n *toets te slaag* eerder as om *gereed te wees*, behoort ouers van haar te verwag om vir 4 jaar gratis hulp aan hul kinders te gee tot die kinders ook mooi en hulpvry vorder.

WWW

Kinders is weerloos.
Ons moet mooi na hulle kyk,
veral sodat hul kan aanhou
om blinkoog te wees
oor skool toe gaan.

©Mind Moves Institute, Johannesburg. 2014